**Getuienis Sondag 11 September 2022**

Ons is hierdie week besig met week 5 van ons 7 weke reeks. Hierdie week gesels ons oor die Bybel as lig. Nou wonder ek, wat maak julle as daar geen lig, geen elektrisiteit in die huis is nie?

Ja ons kry die kerse nader. Hierdie is 'n kers? Wie van julle het al ooit 'n kers hoor praat? Wie van julle het al ooit 'n kers hoor sing? Wie van julle het al ooit 'n kers hoor huil? Ons doen nie.

- Daar is 'n gedagte wat sê: 'n Kers moan (kla) nie omdat dit donker is nie…

Ek dink dit is baie mooi. Hoe donkerder dit is, hoe helderder skyn die kers. Dit kla nie, dit doen net sy werk. En vanoggend gaan ons lees hoe die Bybel vir ons elkeen 'n lig vir ons pad is. Dit is die kers wat skyn in die donker tye.

Vanoggend se getuienis gebruik 2 dele vanuit die Bybel as vertrekpunt. Dit is Psalm 119:105, 130 en Matteus 25:1-13 Jy is welkom om daarheen te blaai.

Psalm 119:105/130

105. U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

130. Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan die wat nog onervare is.

Matteus 25:1-13

1. "Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag.
2. Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig.
3. Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle saamgevat nie,
4. terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houers gevat het.
5. Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.
6. "In die middel van die nag was daar 'n geroep: `Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet!'
7. Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg.
8. Die onverstandiges sê toe vir die verstandiges: `Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.'
9. Maar die verstandiges antwoord: `Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie.'
10. "Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.
11. "Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: `Meneer, Meneer, maak vir ons oop!'
12. Maar die bruidegom antwoord: `Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!'
13. "Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie."

Ek wil 'n paar vrae vra- en bietjie julle reaksie toets.

- Wie van julle is braaf genoeg om te sê jy is bang vir die donker?
- Wie beskou hom of haarself as iemand wat altyd gereed is? Jy word nie maklik omkant betrap nie?
- Wie van julle, as dit moeilik gaan of wanneer jy sukkel is jou eerste reaksie om net weg te loop?
- Wie beskou hulself as iemand wat altyd haastig is?
- Wie hou nie van wag nie?

John Ortberg sê ons as mensdom is siek… Ons almal is ernstig siek. Ons lui aan 'n kondisie genaamd Hurry Sickness…. Ons is gediagnoseer met gejaagdheid. Alles moet gou vinnig gebeur. Ek gaan gou vinnig kerk toe- dan vinnig by vriend ete drink en vinnig middagete eet. Dan gaan ek vinnig 'n middagslapie vat voordat ek vinnig 'n paar goed voor more se werksdag afhandel. Ons as mensdom het verleer om te wag. Ons wag nie vir winter om koud te kry nie, ons sit die Aircon/ lugverkoeler aan. Ons wag nie in Circular drive of Kaapweg se verkeer nie, ons gaan op Google maps en kry 'n ander beter pad. Ons wag nie in die ry by die winkel nie, ons koop dit aanlyn. Ons wag nie vir die koerant om te kom om nuus te lees nie ons gaan lees sommer nou News 24. Ek hoor ook iemand beskryf vandag se samelewing as 'n mikrogolf wêreld. Ons soek vinnige internet. Vinnige kos. Vinnige motors. Vinnige hulp by die dokter- die apteker…. Gou is in…Wag is uit…

Ek raak bekommerd wanneer mense met die woord van God omgaan, maar nie bereid is om te wag nie. Wanneer mense net vining 'n stukkie wil lees of 'n boodskappie wil kry. Ek dink dit is 'n gevaarlike manier van lees.

Tog is dit so mooi (soos Ds. Ben Fourie) ons ook meegehelp help 2 Sondae gelede, hoe Psalm 119 God se almag, God se woord, God se wet, God se hart vir ons beskryf, nie op 'n vinnige manier nie, maar so deeglik as moontlik. Psalm 119 gebruik die hele Hebreeuse alfabet en beskryf dan 8 maal per letter wie God is. Eintlik wil die Psalm vir ons God as mens verlig. En daardeur ook maak dat ons die lewe verlig. Maar ek kon hierdie week nie Psalm 119 lees, sonder om ook te dink aan Matteus 25:1-13 nie. Die verhaal van die 10 meisies by die bruilof.

Indien jy Matteus 25:1-13 so vining lees, sou jy dan baie maklik by gevaarlike gevolgtrekkings kom:

Ek wil dit sommer donker gevolgtrekkings noem: Daar is dit, vers 2. Die bewys. Die lewe verstaan duidelik uit groepe. Uit verstandige mense en onverstandige mense. Wyse mense en dom mense. Wit en swart. Mense word so gebore. Hul is maar so gemaak- en ook so laat staan. Die luiperd kan nie van sy kleure verander nie. Daar is mens wat het en nie het nie. Dit is maklik om te dink dat daar goeie en slegte mense is, maar ons vergeet dikwels dat in my en jou bestaan daar ook die goeie en die slegte. Ek en jy het ook 'n skaduwee.

Jy kan die bogenoemde punt verder vat. Die Bybel maak dit duidelik. Die mense wat wys is het. En die mense wat nie wys het nie het nie. Die wyse dames het die olie- die wyse mense in Suid Afrika het geld, grond, geloof en mag… Die dwase dames het nie olie nie… Die dwase mense in Suid Afrika dink nie en daarom het hulle nie geld nie, het hulle nie huise nie, het hulle nie familie nie..

Dit kan nog verder gevat word en mense kan sê maar kyk na die dwases (die wat nie het nie)- hule staan bakhand en wil net hê by die wat het. Hulle wil net ontvang. En dan kan jy ook kyk na wat ons lees oor die deur in die laaste verse. Die deur wat toegemaak word- en die bruidegom wat sê Ek ken julle nie. Gaan weg… Dit is wie God is. Iemand wat gaan sê, jammer dit is nou te laat. Jammer dit is nou verby. Jammer jy het jou kans gehad. Jammer ek laat net die 5 wys dames in… Ek kan nie so lees nie; want in ander tekste lees ek hou Jesus 99 los en 1 gaan soek. Hoe hy kinders innooi. Hoe hy sê almal rondom jou is jou broer of suster…Almal is jou geliefde…

So ek dink ons moet eerlik wees, dat die Bybel as lig, geld nie vir almal nie. Vir baie individue is dit 'n moeilike boek, 'n swaar boek. Die eise en bevele is net te veel. Dit wat verwag word kan nie gebeur nie. Die swart en wit van die boek is vir my te veel.

Ek dink in die lewe is dit nie lig of donker nie… Dit is eerder lig en donker.. Die twee bestaan langs mekaar. Of vir ons as gelowiges is dit liewer lig wat skyn in die donker….

Hierdie week, Woensdagaand rondom 22:00 ry ek saam met Piet Spies vanaf die ringsitting by Waypoint terug huis toe. Terwyl ons ry is die mis op die pad baie dik. So dik dat mens nie maklik vêr voor jou kan sien nie. Maar Piet sit toe sy ligte aan, en ons kan bietjie voor die bakkie sien, en tog, stadiger as gewoonlik, het ons dit gemaak tot by die huis. Ek dink dit is hoe die lewe ook lyk, ons elkeen smag na baie lig.  Maar dit bestaan nie. Ons elkeen moet ons lig laat skyn, en alhoewel ons net so klein stukkie voor ons sien, moet ons aanhou probeer en probeer en probeer..

Maar wat sê Matteus 25:1-13 dan? Hoe sou ons na die teks kon kyk op 'n manier wat "lig " weer straal.

Ek dink die teks vra van ons wat ons maar dieselfde vraag as wat ons vir 'n skool leerder vra, of vir mekaar voor werk vra. Die teks vra: IS jy gereed? Are you ready? Is jy voorbereid? jy gereed vir Jesus se aankoms? Maar ook, is jy gereed of voorbereid om dalk te wag vir Jesus se aankoms. Of dalk is jy bereid om die gevolge te dra van die feit dat jy dalk onvoorbereid of nie gereed is nie.

Want in die teks is daar 5 dames wat gereed en voorbereid is. Hulle vat ekstra olie saam. Hulle word die wyses genoem. Hulle raak sekerlik ook moeg van die wag. Hulle raak ook aan die slaap, maar hulle bly gereed. Hulle bly voorbereid.  En dan kom die bruidegom, en die bruidegom nooi hul in en hul fier saam fees.  En dit is waar in my lewe ook, ek doen my huiswerk, ek doen my navorsing, ek sorg dat ek op 'n goeie plek is- en dan lewe ek 'n feestelike lewe.. Maar dit is nie die realiteit vir almal nie.

Weet julle wat dink ek is die probleem in die teks. Die probleem met die 5 dames wat gaan olie koop het en nie voorbereid was nie? Hierdie 5 dames het nie genoeg vertrou om in die donker te staan en wag nie. Ek wil glo dat as hul net in die donker gebly staan en wag het- sou die bruilof hul ingenooi het tot die feesmaal.

Vriende my getuienis is dat wanneer dit in my lewe moeilik gaan… Dan wil ek baie goed doen- maar wag is definitief nie een van daardie goed nie. Wanneer dit moeilik gaan dan loop ek ook soos die 5 meisies weg. Ek loop weg van God af… Ek loop weg van vriende van my af.. Ek loop weg van my vriende se lig en warmte af. Ek loop weg van die bekende af na 'n meer onbekende terrein. Ek loop weg na iets wat ek weet nie eintlik beter is nie. Ek weet ek kan nie regtig kort voor middernag olie koop nie, ek weet dit wat ek doen gaan my nie gelukkig maak nie. Maar loop- loop ek. En wag vir beter. Dit doen ek nie…

Vertrou ons genoeg om te staan en wag in die donker?

Wat is 2020-2022 anders, as 'n paar jaar van gewag. Een jaar waar jy moes leer om te wag om te gaan oefen, te wag om weer werk toe te gaan, te wag voor jy weer kerk toe mag gaan, te wag voordat jy weer jou vriende of familie moet sien. Een groot gewag.. Eintlik staan ons in 2022 ook voor die deur en wag vir die bruidegom en om ons is dit pikdonker.. Maar die donker is 'n wonderlike leerskool. Dit is juis in daardie donker tye van my en jou lewe waar ons die meeste van God en onsself geleer het.  Die donker berei ons ongelooflik mooi voor vir wat ookal kom. Dit wat in jou gebeur wanneer jy wag, is net so belangrik soos dit waarvoor jy wag. Geloof skyn beter in die donker. Geloof is om te wag…

Die Bybel as lig, help vir my en vir jou om in hierdie donker wêreld te skyn.  Mag ek en jy genoeg vertrou om te staan in die donker. Genoeg te lees om te skyn in die donker…

Dalk maak vanoggend se gedagte vir jou nou meer sin:

- 'n Kers moan nie omdat dit donker is nie…

(Luister na verwerking: Give me oil in my lamp keep me burning.)

Seënbede (Dietrich Bonhoeffer):

In my is daar donkerte;
by U is daar lig.
Ek is eensaam;
U verlaat my nie.
Ek voel nietig en bang;
U laat my nie alleen nie.
Ek is rusteloos;
by U is daar vrede.
Ek vind bitterheid in my hart;
U leer my geduld.
U weë is vir my onbegryplik;
U ken die pad waarop ek gaan.